***TRAILING COAT-TAILS*** ***KLIP-IN-DIE-BOS***

# Lewe uit 'n Doodskassie

P. J. CILLIE

Met die groot seisoen van geskenke agter die rug, kan ons eerlik oordink hoe dikwels presente verleentheid bring pleks van welwillendheid. As dit geld is—nog altyd die beste geegoed—dan is dit gewoonlik òf te min òf, nog erger, te veel; baie selde net reg. As dit goedere is, dan is dit meestal onvanpas en onbruikbaar, en die blydskap by die ontvangs geveins. Behalwe natuurlik in die kinderwêreld: dáár pas die ontvanger hom by die present aan; omtrent enigiets is goed genoeg. By die volwassene is dit die present wat aangepas moet word: die regte geskenk vereis fyn instink of diepe studie.

Van 'n vriend wat oor die een beskik en tot die ander in staat is, het ek só 'n geskenk ontvang. Ek noem dit 'n doodskassie. Dit het nuwe gemoedsrus in my bestaan gebring.

Die ou mense het vir hulle betyds doodkiste laat maak en dit op die solder reg gehou vir die dag van smarte. Dit was minstens één ding waaroor hul geliefdes hulle dan nie sou hoef te kwel nie. Die bootjie was reg vir die laaste vaart—'n baie bedagsame ou gebruik in die dae voordat die begrafnisondernemers houers van alle groottes in voorraad gehad het.

Die doodskassie is ingestel op 'n nog groter nádoodse behoefte van die oorblywendes: dat die ontslapene se 'papiere' tog in orde sal wees.

Voorhistoriese vuilishope vertel van 'n konstante vermoë by alle spesies van *Homo sapiens* om te midde van die altyd vermeerderende afval van sy bestaan te lewe: voortdurend as 't ware kniediep in ou skulpe en bene en potskerwe en erger. Net wanneer 'n blykbaar seldsame individu, voorganger van die hedendaagse hipernetjiese oujongnooi, dit onuitstaanbaar begin vind het, is die vuilis 'n slag opsygeskuiwe, maar ook nie te ver nie. Die mens was altyd lui vir onaantreklike werk wat nie dringend noodsaaklik lyk nie.

Die twintigste-eeuer se vuilishope is groter en gevaarliker, en hy noem dit besoedeling. En in die subtielste vorm is dit nie giftige gasse en chemikalieë of blik en plastiek nie, maar papier: rekeninge, kwitansies, teenblaaie, sertifikate, oordragte, transportaktes, lisensies, aandele, polisse, onbeantwoorde briewe. Ek noem nie ou koerante, tydskrifte en skoolboeke nie— dié kan vir 'n paar rand weggery word ná vyf jaar in die motorhuis. Maar daardie ander lê verspreid in laaie en kaste en draadmandjies, deurmekaar en ongeordend, die essensiële saam met die vernietigbare, die waardevolle saam met die triviale: 'n afvalhoop wat 'n hinderlike krieweling in die gemoed aan die gang hou, meestal net nie lastig genoeg om tot opruiming en rangskikking te prikkel nie. Eendag moet ek darem iets daaraan doen . . . Maar dink aan die las vir die treurende geliefdes as die eendag wegbly.

Toe daardie bedagsame vriend die doodskassie bring, was dit asof hy tot die hart van 'n knaende persoonlike probleem deurgedring het. Dit is 'n klein metaalkoffer wat gesluit kan word, 'n draagbare kluisie met vakkies wat gemerk is: Bank, Assuransie, Aandele, Eiendomme, Lisensies, Testamente, Belastings, Identiteitsdokumente. Dit roep op tot orde en stelselmatigheid. Dit laat opruiming aanloklik word, soos 'n speletjie. Die afvalhoop van papierstukke word deurgewerk en weggewerk, en wat oorbly is die noodsaaklike konsentraat, die minimum van papier vir die bestaan van 'n beroepsmens.

En dan is dit eintlik ook bog om voor te gee dat die vernaamste motief bedagsaamheid is teenoor familie en vriende wat anders dae en weke sou moet sukkel om jou sake opgeklaar te kry wanneer jou finale sertifikaat geteken is. Dit is lekker om te dink dat hulle 'n ekstra rede sal hê om jou nagedagtenis te seën. Maar dit is nog aangenamer om 'n wete van ordelikheid en sisteem in jou persoonlike dokumentasie te hê. Dit is één vuilishoop minder, één bron van kommerbesoedeling opgeruim. Dit gee byna 'n gevoel van heiligheid om te weet presies waar jou hondelisensie is, of jou inentingsertifikaat, of die kwitansie vir jou bydrae tot die Gemeenskapskas.

Ja, 'n mens is seker veronderstel om 'n kluis by die bank ook te hê vir waardevolle stukke soos aandelesertifikate. Dit is dáár seker veiliger teen brand as in 'n doodskassie. Die een sluit die ander nie uit nie. Dit sou die ou mense geen kwaad gedoen

het om een doodkis op die solder en een in die kelder reg te hou nie. 'n Mens kan nie te seker maak nie.

Maar wat my betref: sonder 'n doodskassie sou ek nie weer wil lewe nie, en ongaarne wil sterwe. Alles omdat 'n vriend insig gehad het by die gee van 'n geskenk.

Die dingetjie het sonder twyfel terapeutiese implikasies. Hy wat altans in één opsig gereed is om te sterwe, lewe miskien 'n bietjie beter, en langer. En 'n hospitaalbed kan 'n rustiger plek word as daar tuis nie 'n onopgeruimde vuilishoop lê van persoonlike stukke wat niemand behalwe die pasiënt behoorlik begryp nie.